Jim van Tonderskool

FONDSINSAMELINGSNR.: 02 200587 000 0

Tel: (017) 647 2606
(017) 647 5987
Faks/Fax: (017) 647 5988
Webblad/Webpage: jimvantonder.co.za
E-pos/E-mail: jimvantonderskool@worldonline.co.za

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak/Private Bag X1007
BETHAL, 2310

2 Februarie 2018
1 van 2018

Geagte Ouers / Voogde

Welkom terug aan al ons leerders, ouers en personeel. Ons glo en vertrou dat u 'n aangename vakansie en feesgety saam met u gesin deurgebring het. Voorspoed vir 2018.

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring:

BELANGRIKE DATUMS

6 Februarie	Atletiek te Suiderberg – Pretoria
9 Februarie	Leerders dra gewone klere vir fondsinsameling
13 Februarie	Valentynssokkie
15 Februarie	Atletiek te Pro-Practicum – Krugersdorp
22 Februarie	Atletiek - Tuis

PERSONALIA
Graag verwelkom ons Me B Human (Sielkundige) by Jim van Tonderskool. Ons glo en vertrou dat sy vinnig sal inskakel by ons personeel en skool. Baie sterkte word u toegewens.

SEUNSSENTRUM
Ons rig 'n vriendelike, dog dringende versoek tot u as ouer om toe te sien dat u leerder 'n oorpak het of kry. Die dra van oorpakke is verpligtend. Alle leerders moet teen 9 Februarie 2018 'n oorpak hê. Ons vra u samewerking in verband hiermee. Dankie aan die leerders wat reeds oorpakke het.

OPPIBULT PLAASJUPPIEFEES - BETHAL
Neem asseblief kennis dat Jim van Tonderskool op Woensdag, 21 Maart 2018 vanaf 10:00 – 17:00, die Oppibult Plaasjuppiefees, aanbied.

PROVINSIALE KLERE
Leerders mag van Maandag, 5 Februarie 2018 **slegs op Maandae** hulle provinsiale baadjies dra, en **nie** meer op Vrydae soos die reëling altyd was nie. Ons wil graag hê leerders moet ten volle in hulle skoolklere geklee wees op Vrydae vir saalopening, en vir die neem van foto's.

SUBSIDIES/BEURSE
Alle ouers wat aansoek gedoen het vir beurse/subsidies moet asseblief kennis neem dat aansoeke in die proses is vir goedkeuring. Alle beursaansoeke het einde Januarie gesluit, geen aansoeke sal dan oorweeg word nie, ouers sal dan self verantwoordelik wees vir die rekening.

Geen beurse/subsidies sal vanaf 1 Februarie 2018 meer toegestaan word vir dié jaar nie, tensy daar drastiese veranderinge plaasgevind het wat u bewys van sal moet lewer.

Beursaansoeke moet jaarliks gedoen word en is nie oordraagbaar van jaar tot jaar nie.
As u probleme ondervind met die voltooïng van die vorms, kontak die skool by 017-6475987 vir meer inligting en hulp.

Die uwe

MEV M KRÜGER
HOOF

Donasies aan: JIM VAN TONDERSKOOL OPVOEDKUNDIGE FONDS aftrekbaar van inkomstebelasting vlg. Artikel 18a van die Inkomstebelastingwet.